2.3 Kies die KORREKTE antwoord. Skryf net die vraagnommer (2.3) en die letter (A–D) neer.

"Rosina se oog val op die sonneblomme ..." (Reël 10)

Dit beteken dat sy …

A so mooi soos die sonneblomme was.
B die sonneblomme raakgesien het.
C baie van sonneblomme gehou het.
D tussen die sonneblomme gestap het. (1)

2.4 Die karakters se woorde sê vir ons hoe die karakters voel.

Kies die emosie uit KOLOM B wat by die karakter se woorde in KOLOM A pas. Skryf net die vraagnommers (2.4.1 tot 2.4.4) en die letter (A–E) neer.

| KOLOM A | | KOLOM B | |
|---|---|---|---|
| 2.4.1 | "Wil jy ons verongeluk," | A | Die speurder was bang Rosina beland in die moeilikheid. |
| 2.4.2 | "My cozzi van die plaas af, ..." | B | Joseph was bekommerd oor sy maat. |
| 2.4.3 | " ... gee pad soos in nou dadelik." | C | Die polisievrou het nie jammer gevoel vir Rosina nie. |
| 2.4.4 | "Sorry, girlie, that's life." | D | Buster het met Rosina gespot. |
| | | E | Rosina was bang, want Buster het swak bestuur. |

(4 x 1) (4)

2.5 Skryf die volgende gebeure onder mekaar oor in die korrekte VOLGORDE soos wat dit in die verhaal gebeur.

- Die polisie het Rosina se vingerafdrukke geneem.
- Die polisie het Buster-hulle gearresteer.
- Joseph het Rosina teen Buster gewaarsku.
- Red het Rosina gegrimeer en haar hare gedoen. (4)

2.6 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies. Skryf net die vraagnommers (2.6.1 en 2.6.2) en die antwoord neer.

Die tema van hierdie kortverhaal is (2.6.1) (jaloesie/teleurstelling). Een van die lesse wat Rosina geleer het, is dat 'n mens (2.6.2) (vreemdes nie sommer moet vertrou nie/moet seker maak jy het genoeg geld as jy van die huis af weggaan). (2)

